

## ***Die Heilige Gees en ons...***

Handelinge 1: 1-8

---

Gemeente van ons Here!

### **1. Inleiding:**

Broers en suster:

Volgens die kerklike kalender is dit vandag Pinkster. Ons herdenk saam met Christene oor die hele wêreld die uitstorting van die Heilige Gees. Met Kersfees herdenk ons die koms van die Here Jesus; met Pinkster herdenk ons die koms van die Heilige Gees. Pinkster 'n baie belangrike deel van ons kerklike kalender.

Ten spyte van die belangrikheid van die Heilige Gees in die Christelike geloof, is dit opmerklik hoe Christene van mekaar verskil oor die Persoon en die werk van die Heilige Gees.

Vir baie eeue in die kerk se geskiedenis, het die Heilige Gees baie min aandag ontvang. Daar is gefokus op God die Vader wat vir ons sorg, en Jesus Christus wat ons verlos het. In die geskiedenis van die Hervormde Kerk het die Persoon en werk van die Heilige Gees ook met tye min aandag ontvang. Die Heilige Gees was iewers op die agtergrond, as die Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan en eintlik maar net doen wat die Vader en die Seun beveel so asof die Heilige Gees derde in rangorde is.

Daarteenoor is dit opmerklik hoe belangrik die Heilige Gees in die teologie van die Hervormers van die 16e eeu was. Kerkleiers soos Luther en Calvyn het die Persoon en werk van die Heilige Gees baie sterk beklemtoon. Luther en Calvyn het

beklemtoon dat die Woord van God en die Heilige Gees onlosmaaklik aan mekaar verbind is. Luther: Die Bybel word eers die lewende Woord van God as die Heilige Gees die woorde lewend maak. Calvin: Die verkondiging van die kerk en die kerk self as totaal onmoontlik sonder die werking van die Heilige Gees.

Die feit dat die Persoon en werk van die Heilige Gees so sterk beklemtoon is in die vroeë Hervormde tradisie, het daartoe bygedra dat 'n nuwe beweging ontwikkel het, wat ons vandag ken as die charismatiese – of Pinksterbeweging. Daar is tans meer as 400 miljoen Christene wêreldwyd wat lidmate van duisende verskillende Pinksterkerke is.

Wat veral kenmerkend is van die Pinksterkerke, is dat die Heilige Gees die kern van hulle geloof uitmaak. Tekste in die Bybel wat oor die Heilige Gees handel, word baie sterk beklemtoon en letterlik of direk op vandag se lewe toegepas.

As die Bybel vir ons vertel van gebeure wat verband hou met die Heilige Gees, word dit verstaan as 'n opdrag – met ander woorde – dit moet vandag presies dieselfde wees as 2000 jaar gelede toe die boeke van die Nuwe Testament geskryf is. As daar vertel word dat mense vreemde klanke gemaak het, word die teks gebruik om aan te toon dat dit steeds vir alle Christene geld en dat alles op dieselfde wyse moet gebeur, onder ander dat almal in tale praat as teken van 'n Geesvervulde lewe.

Een voorbeeld wat ek net kortliks kan noem, is Artikel 6 van **Rhema Bible Church** se **Statement of Faith**, wat tipies is van baie charismatiese kerke se standpunt:

***The baptism in the Holy Ghost is a gift from God as promised by the Lord Jesus Christ, and is received subsequent to the new***

***birth. This experience is accompanied by the initial evidence of the speaking in tongues.***

Hierdie artikel beteken:

- Jy moet 'n baie spesifieke bekering ervaar. Jy moet weet op watter datum jy tot bekering gekom het en Jesus as jou persoonlike Saligmaker aangeneem het.
- As jy jou tot Christus bekeer het word jy 'n nuwe mens, nuut gebore deur die Heilige Gees. Dit staan bekend as 'wedergeboorte'.
- Wedergeboorte en bekering word gevolg deur spreek in tale. Dit beteken dat jy voor getuies vreemde klanke maak. Die vreemde klanke is volgens hierdie opvatting 'n teken dat die Heilige Gees jou meevoer tot 'n hoër geestelike vlak.
- Eers as jy aan hierdie vereistes voldoen het, kan jy gedoop word as teken dat jy die Heilige Gees ontvang het.
- Die doop word bedien by wyse van onderdompeling, en dikwels gaan die doop geleentheid ook gepaard met klanke wat die dopeling voortbring.

Op grond van hierdie beskouing, word die kinderdoop verwerp en mense wat slegs as kinders gedoop is, as "onbekeerde mense wat nog nie die Heilige Gees ontvang het nie".

Die vraag is dus: ***Hoe moet ons die Persoon en die werk van die Heilige Gees verstaan? Hoe is die Heilige Gees teenwoordig in ons lewe, veral as jy nou nie elke dag vreemde klanke maak wanneer jy deur die Heilige Gees weggeruk word na 'n hoër vorm van geloofservaring nie?***

As ons die Nuwe Testament reg lees en verstaan, word al hierdie vrae vir ons helder en duidelik beantwoord.

## **2. Hermeneuties:**

Die boek Handelingte vertel vir ons die verhaal van die heel vroegste gemeente in Jerusalem, na Jesus se kruisiging en opstanding. Die manier hoe Lukas vir ons die geskiedenis beskryf, is tipies van daardie tyd. Daar word vertel van wonders wat die dissipels gedoen het, van engele wat verskyn, en baie ander wonderbaarlike gebeurtenisse. In die antieke tyd was dit die algemene gebruik dat geskiedenis vertel is aan die hand van 'wonderverhale' – met die bedoeling dat die wonderverhale 'n bepaalde boodskap moet tuisbring. Ons sien dit byvoorbeeld wanneer die geskiedenis van konings vertel word – dit word altyd gedoen deur allerhande wondergebeure daaraan te koppel.

In Handelingte 1 het ons gelees dat Jesus by geleentheid vir sy dissipels gesê het dat die Vader 'n belofte gemaak het, naamlik dat hulle die Heilige Gees as gawe sal ontvang. Hulle sal krag van God (Dynamos) ontvang, met die bedoeling dat hulle in die wêreld sou uitgaan en van Jesus Christus sou getuig.

Daar is ook die versekering: God sal altyd by hulle wees.

Ons sien dus dat die uitstorting van die Heilige Gees eintlik om twee sake gaan:

***(1) God sal deur sy krag die dissipels toerus om in die wêreld uit te gaan en die evangelie te verkondig.***

***(2) God maak 'n belofte dat Hy altyd by ons is.***

God is deur die Heilige Gees by die kerk en by elkeen wat die evangelie in hierdie wêreld uitdra. Die Heilige Gees is nie 'n gawe aan sekere mense wat aan bepaalde vereistes voldoen nie. God belowe aan ons dat Hy deur die Gees by ons is, dat Hy

ons toerus en inspireer om uit te gaan en die evangelie in elke taal en wêrelddeel te verkondig.

Die belofte is nie beperk tot 'n paar wedergebore Christene nie, maar dit is 'n belofte aan die kerk as geheel. Die HG word op die kerk uitgestort, nie op enkele super Christene wat daarvoor kwalifiseer nie. Die feit dat die HG by en in en saam met ons is, is nie iets wat berus op ons eie voortreflike geloof nie, maar dit berus op die belofte van God.

#### **4. Toepassing:**

B en sr:

Toe ons gedoop is, het die Here aan elkeen van ons die belofte gemaak dat Hy deur die Heilige Gees in ons woon en altyd by ons sal bly. Die belofte berus nie op ons buitengewone kwaliteite of geloof nie, maar dit word aan elkeen van ons gegee omdat ons deur die doop opgeneem is in die kerk van Christus.

As gedooptes is ons almal deel van die kerk van Christus, en daarom weet ons dat die Heilige Gees ook altyd by ons is. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is nie afhanklik van ons bekering, wedergeboorte, spreek in tale of dergelike vereistes nie.

Ons is Geesvervulde en wedergebore mense, omdat die Here ons dit maak. As ons nie nuwe mense was, wat onder leiding van die HG geleef het nie, sou ons nie vandag hier gewees het om die Here te aanbid nie!

Maar:

Om die gawe van die HG te ontvang, is ook 'n verantwoordelikheid. Want nou moet ons, ons wat gedoop is en die HG ontvang het, volhard in

- Geloof
- Liefde
- Gehoorsaamheid
- Diens

As ons besef hoe groot God se genade is, dat Hy ons Vader is, ons Verlosser, dat Hy ons nooit alleen laat nie - kan ons nie anders as om uit dankbaarheid die Here te dien nie. Dan mag ons nie die HG wat in ons woon bedroef en teenstaan nie. Ons sonde bedroef die Gees, en met ons ongeloof staan ons Hom teen.

My br. en sr:

God is by jou. Deur sy Gees woon HY in jou. Daarvan kan jy seker wees. ***Dit vra van jou om as Geesvervulde, wedergebore en gedoopte lidmaat van die kerk van Jesus Christus te leef.***

Amen.